**Woensdag 15 Augustus**

| Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:17-25 | Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:21-25 |
|---|---|

# Goeie werke kan jy nie wegsteek nie

Die ouderling is eer waardig, en moet gevolglik eerwaardig leef. Daar is egter sommige mense wat nie eer waardig is nie. Soos wrede wolwe wil hulle die kudde uitmekaar jaag en verskeur. Daar is ongelukkig baie sulke ouderlinge en predikante.

Daarom neem ons in die kerk van die Here soms lank om geskikte persone te vind wat hierdie voortreflike diens moet verrig. Ons moet ook nie in die kerk altyd haastig wees om maar net die "pos" te vul nie, want elke mens se lewenswerk kom uiteindelik aan die lig.

Die sondes van sommige mense loop hulle vooruit. Ja, in die kerk is daar mense wat selfs met hulle sondes spog. Hulle trots is hulle vertrapping van God se eer. Dit is veral so by sommige braaivleispraatjies. En ander se sondes haal hulle van agter in.

Net soos sommige hulle bose dade roem of wegsteek, is daar ook goeie werke wat nie ongesiens verbygaan nie. Daar bestaan nie iets soos oortollige goeie werke nie. En in die kerk word hierdie goeie werke soms maar baie dof en skaars. Tog sal die goeie werke van ons geloof nie lank verborge bly nie.

Ons moet waak om nie op goeie werke te wil roem nie, maar hier gaan dit om die op-regtheid van die ware geloof. Mag jou geloof vandag ook sigbaar word in die goeie werke wat jy doen, sodat God daarin die eer mag ontvang.

*Sing: Psalm 90-1:2, 9*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Kimberley)*